# trinitas

*Baie welkom by Trinitas!*
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
*Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!*

## 1 Verlos

**SONDAG, 28 FEBRUARIE 2016**

Ons gemeente vier vandag die sakrament van die Heilige Nagmaal. Almal wat by die kerkraad aansoek gedoen het om as besoekers saam Nagmaal te vier, is hartlik welkom, tensy die teendeel persoonlik aan u meegedeel is.

**OGGEND 09:00**

## In watter groep is jy?

Teks: Verskeie
Oorsig
In ons land is daar op die oomblik baie rasse en klasse spanning. Dit gaan veral oor van watter groep jy is. Jou identiteit. Waar pas Christenwees? Is dit ook 'n identiteit of groep op sy eie? Baie mense is onseker oor hoe om te praat of te reageer. Daar is seker mense op hoë vlakke wat kan probeer om dinge te kalmeer en leiding te gee. Maar meeste van ons is nie daar nie. Vanoggend se vrae: In watter groep is jy as Christen? Hoe kan dit jou help om te verstaan hoe jy kan bydra om dinge beter te maak?

**AANDDIENS 19:00**

## Jona in Suid-Afrika

Teks: Jona 4:1-11
Oorsig
Jou gesindheid, jou hart, is die plek waar jou optrede uit borrel. Jona help ons om na ons eie harte en veral God se hart te kyk as daar mense en situasies is wat ons dalk nie van hou nie. Suid Afrika het op die oomblik baie sulke mense en situasies. As ons iets in ons land en gemeenskap wil help beter maak, moet ons by ons gesindheid begin. Kom ons staan saam voor die Here in die boek Jona.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Sondag, 28 Februarie**
Familie-ete 12:00

**Dinsdag, 1 Maart**
Kerkraadsverg. 19:00

**Woensdag, 2 Maart**
Bybelstudie 09:00
Winning @work and @home 18:00

**Vrydag, 3 Maart**
Manne-oggend 05:30

**SONDAGAANDE: 1STE KWARTAAL**

| Datum | Geleentheid |
|---|---|
| 28 Feb. | Nagmaal (19:00) |
| 6 Mrt. | Aandbyeenkoms |
| 13 Mrt. | Gemeenskapsaand |




## 2 Familie

**LIEF EN LEED**
Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Mariet Voges (Gert ☎ 0828168577) is steeds in intensief in Waterval hospitaal, Midrand na haar onlangse operasie.
- Susan van Bemmel (☎ 0835534495) kry op 7 Maart 'n heupvervanging.
- Hennie Kruger (☎ 0721243155) gaan op 18 Maart vir 'n rugoperasie in Medi-Clinic Vereeniging.

**Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.**

**VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!**

| | | |
|---|---|---|
| 28/02 | Rineke Visser | ☎ 0718778260 |
| 29/02 | Irene Swanepoel | ☎ 0829237725 |
| 01/03 | Anna-Ryna de Klerk | ☎ 0834152085 |
| 01/03 | Fourie du Plessis | ☎ 0724605214 |
| 01/03 | Ingrid Heine | ☎ 0732731150 |
| 01/03 | Avion vd Westhuizen | ☎ 0837853242 |
| 02/03 | Lorette Pieters | ☎ 0825654295 |
| 03/03 | Danie Venter | ☎ 0833255161 |
| 03/03 | Tania Viljoen | ☎ 0845215978 |
| 04/03 | Waldo Bloem | ☎ 0828530213 |
| 04/03 | Rinda Grimbeek | ☎ 0832582423 |
| 04/03 | Freddie Vermeulen | ☎ 0835049884 |
| 05/03 | Adri Minnaar | ☎ 0835850958 |
| 05/03 | Riaan Prinsloo | ☎ 0725926364 |
| 05/03 | Tina van Tonder | ☎ 0169331588 |

**HUWELIKSHERDENKINGS**
Geen.

**SPESIALE VERJAARSDAE (80 jaar en ouer) en HERDENKINGS (50 jaar plus)**
Geen

*Die gemeente sing Sondae 'n seënbede vir lidmate wat die genade ontvang het om hierdie besonderse mylpale te bereik.*

**VERSORGING VAN DISSIPELS**

Trinitas het 'n unieke benadering tot die versorging van ons lidmate. Met omtrent 850 lidmate is ons groter as die gemiddelde Gereformeerde Kerk. Om by die Bybelse beginsels te bly en ook prakties so slim as moontlik te werk, benader ons die versorging van ons lidmate as volg:

**Selfsorg**

Elke lidmaat is in die eerste plek self 'n volgeling van Jesus en voor die Here verantwoordelik vir selfsorg van sy of haar eie geloof en diens. Dit behels persoonlike gebed, Bybellees, gesprek met ander gelowiges, gemeentefunksies, Bybelstudie-geleenthede, kontak met ouderling en medewerker, en eredienste.

*"Nader tot God en Hy sal tot julle nader," Jakobus 4:8.*

*"Om jou liggaam te oefen het wel 'n bietjie waarde, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde, want dit bevat 'n belofte van lewe, vir nou en die toekoms," 1 Timoteus 4:8.*

*"As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon," Hebreërs 11:6.*

**Mekaarsorg**

As geloofsfamilie het almal ook 'n verantwoordelikheid om mekaar te help in hulle dissipelskap waar jy sien iemand is alleen, siek, kry swaar, worstel met sonde of geloofsvrae, benodig bemoediging of ondersteuning van enige aard. Dit gebeur een-tot-een, maar ook goed in Bybelstudie-groepe.

*"Laat ons ook na <u>mekaar</u> omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade," Hebreërs 10:24.*

*"Leer en onderrig <u>mekaar</u> met alle wysheid," Kolossense 3:16.*

**Sorg deur dienste (diakens/ouderlinge/predikante)**

In die geloofsfamilie gee Jesus sekere dienste aan elkeen tot voordeel van die res. Ouderlinge, medewerkers, diakens en predikante het spesifieke gawes waardeur hulle die res moet opbou, leer en versorg om effektiewe dissipels van Jesus te kan wees. Logies kom hierdie sorg ná die selfsorg en die mekaarsorg en is dit daar sodat selfsorg en mekaarsorg beter kan werk of waar dit nie werk nie.

*"En dit is die 'gawes' wat Hy 'gegee het': apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus," Efesiërs 4:11, 12.*

*"Pas julle self op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun," Handelinge 20:19.*

**Prakties:**

- Versorg jouself eerste as dissipel van Jesus.
- Gebruik die geleenthede waar jy gaan leer om jouself beter te versorg.

- Gebruik die geleenthede waar ander mense jou kan liefhê en lei in jou dissipelskap.
- Versorg die mense naaste aan jou.
- Oorweeg om saam te kom werk as medewerker.
- Laat weet die mense, ouderling, medewerker, predikant as jy versorging nodig het.

Mag ons saam as familie onsself en ander versorg om effektiewe dissipels van Jesus te wees wat aksie neem in 2016.

Griffel

**ATTESTATE/BEWYSE**

Word afgekondig.

**NUWE LIDMATE**

Die diakonie is aan die stuur van die Nuwe Lidmate-diensgroep. Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en skryf asb. al jou besonderhede in die boek by die Welkomhoekie in die saal.

**HUISBESOEKVORMS**

Indien jy huisbesoek wil ontvang van 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi 'n huisbesoekversoekbriefie wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie in die saal of **Die Helper** se kassie by die hoofingang.

**BYBELSTUDIES**

Woensdae om 09:00 by die kerk.
Dinsdae om 19:00, Carterstraat 16 (soos op die kalender aangedui).

**VERJAARSDAGTEE**

Vanaf 2016 wil ons graag almal in Trinitas se verjaarsdae vier en saam dankbaar wees oor elkeen wat vir nog 'n jaar gespaar is. Ons beplan daarom vier verjaarsdagtees vir vanjaar, een elke kwartaal. Ons vra dat elkeen wat in die betrokke kwartaal verjaar asb. 'n bordjie eetgoed vir die tee sal bring.
Groete: Gasvryheid-diensgroep

Verjaarsdagtee-datums vir 2016:

| **Datum:** | **Wie bring eetgoed:** |
|---|---|
| 15 Mei | 1 April-30 Junie |
| 21 Augustus | 1 Julie-30 September |
| 23 Oktober | 1 Oktober-31 Desember |

**FAMILIE-ETE VANDAG**

Spitbraai vandag om 12:00 by die kerk vir almal wat kaartjies gekoop het. Bring jou gazebo, kampstoele, glase en drinkgoed saam.

## 3 Dienskneg

**ORRELBEGELEIDING**

09:00 en 19:00 – Nannes van der Walt

**OUDERLINGE AAN DIENS**

Alan Brotherton, Jan vd Berg

**DIAKENS AAN DIENS**

Almal

**KOSTER AAN DIENS**

Elsa Prinsloo

**DATABORDDIENS**

Behartig deur die Tegniese span

**KOLLEKTES**

**Onder die erediens vir Diakonale Kas**

28/02 – Koningskinders
06/03 – SAVF Shelter

**ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS**
Stuur op Maandae 'n blanko e-pos na **preek@gktrinitas.co.za**. (Jy moet elke keer wat jy die preek wil hê 'n e-pos stuur). Die stelsel sal self binne 60 sekondes die preekteks vir jou aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Kontak Hans van Wyk, ☎ 0828111990, vir inligting (*Preektekste sal Sondae na 12:00 op ons webblad beskikbaar wees).*

**OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD**
Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, stuur 'n versoek aan die kerkkantoor of aan Hennie Smit ☎ 0711063978.

**GEHOORAPPARATE**
Dit kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word.

**TEESKINK**
Geen tee vanoggend nie. Sondag 6 Maart skink Anne-Marie Snyman se groepie. Gretha van Wyk ☎ 0764688963 is die sameroeper van die diensgroep.

**KLEUTERKERK**
Kleuterkerk vind Sondagoggende saam met katkisasie plaas in die eerste klaskamer. Alle kleuters van 2-6 jaar is welkom. Mammas van tweejariges kan dit saam bywoon. Kontak Petroné van der Merwe ☎ 0729414308 indien jy geroepe voel om deel te vorm van die Kleuterkerkspan.

**DR. FRANS MINNIE**
Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes.** ***Afsprake word deur die kerkkantoor of deur dr. Minnie self gemaak.*** Kontak die Kerkkantoor vir afsprake. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

**SIEKEBESOEK**
Kontak die kerkkantoor of Tina J van Vuuren ☎ 0837881810 indien jy by die Siekebesoek-diensgroep wil inskakel.

**MEDEWERKERS (ons kort nog medewerkers!!)**
Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou ouderling of Alan Brotherton ☎ 0834685243 met enige vrae.

**KRUIDENIERSWARE BENODIG**
Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop (plaas skenkings in groot houer in die saal naby die kombuis): Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, bakedbeans, tamatie- en uiesmoor, pakkies sop, rys, blikkies gemengde groente, koekie Sunlight seep, toiletseep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe **(plaas alle skenkings in die groot houer in die saal.** Ons waardeer alle hulp opreg). Diakonie

**PROJEK – GROEIPYNE**
Ons as Trinitas-familie het 'n probleem waaroor ons baie bly is! Vanweë groeiende gebruik van die fasiliteite en lokale op die terrein het ons ekstra stoorplek nodig sodat ons die bestaande lokale doelgerig kan gebruik As spesiale

projek wil ons graag 'n skeepsvraghouer (*container*) aankoop sodat hierdie momentum nie gekeer word nie. Die koste beloop ongeveer R25 000. Bydraes hiervoor, groot of klein, kan gemaak word in ons lopende rekening. Merk dit asb. as 'Groeipyne'.

**KLEREBANK**
Die klerebank vra dat lidmate wat los hangers het dit asseblief kerk toe sal bring sodat hulle die klere wat geskenk is, kan ophang en uitsorteer

Die HELPER

**DIE HELPER** is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir lidmate wat bv. verswak het, bejaard is of dames wat enkellopend is. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Vir hulp of raad, los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak André Smith ☎ 0844627830.

**BEROEP VAN OUDERLINGE**
Die volgende persone se name word voorgehou vir goedkeuring om as ouderlinge te beroep: Nannes van der Walt, Willem Goodchild, Fanie van der Merwe en Stephan Nel. Indien geen besware na drie Sondae by die kerkraad ingedien word teen hierdie persone nie, sal voortgegaan word met die beroeping.

## 4 Gestuur

Jeugbediening 2016

Kontak André ☎ 0828592186 of Rochelle Moolman ☎ 0824544147

**ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR**
Kontak: Gert Visser ☎ 0834491036
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

**HERWINNING**
Die Here stuur ons om sy Skepping op te pas omdat dit Hom ook vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare materiaal af (Maandae tot Vrydae tydens kantoorure of Sondae voor en na die eredienste by die herwinningsarea agter die katkisasielokale). Daar is 'n werker wat dit sal sorteer. Maureen van Helden ☎ 0823922093.

**EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS**
Philip Snyman ☎ 0834681035,
Anne-Marie Snyman ☎ 0798756743 of
Christa Snyman ☎ 0798779882.

Trinitas CIA Christus in Aksie

**Kontakpersoon:**
Hardus Visser
☎ 0828215642.

## ALGEMEEN

### BELANGRIKE DATUMS FEBRUARIE
- 28 Feb. Nagmaal en Familie-ete

### GKSA NUUS
**BEROEPE ONTVANG**
- Dr PJ de Bruyn [Paul] van Oos Londen na Windhoek.
- Dr GJ Meijer [Gerard] van Oos Moot na Potchefstroom.
- Proponent KV Mohotsi [Kabelo] na KaNyamazane (Nelspruit).

**OP DIE KENNISGEWINGBORD**
- 2016 Hartklopfees
- Geopende Deure
- Transoranje nuus
- Vakature kinderversorger Pres. Kruger Kinderhuis
- Werkwinkel: Herontdek Bybelse Dissipelskap 4, 5 Maart GK Pretoria Brooklyn
- FEBA Radio Nuusbrief

**KRUISPAD**
Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

**BYBELS EN PSALMBOEKE**
Maak gerus tydens die erediens gebruik van die Bybels en Psalmboeke op die tafel in die voorportaal. Lidmate wat nog Bybels en groen Psalmboeke wil skenk, kan dit op die tafel plaas vir gebruik.

**TRINITAS-BOEK-HOEK**
Kontakpersoon: Franciska van der Merwe ☎ 0827818032.

**WERKSOEKENDES**
Indien jy werk benodig of wil aanbied, kan jy dit deurgee aan die kerkkantoor vir plasing in die nuusbrief.

**KONTAK ONS**
**www.gktrinitas.co.za**
GKTrinitas
**Kerkkantoor**: Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258
kantoor@gktrinitas.co.za
Faks no.: 086 219 5728
**Kerkkantoortye:** Ma. tot Do.
Tye: 08:00 tot 13:00
Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)
**Skriba:** Gerrit van Wyk 0823328550
**Kosters:**
Theuns Odendaal 0832561387
Elsa Prinsloo 0794778699
**Orrelis:** Nannes v. d. Walt 0833041841
**Bankbesonderhede van kerk:**
Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449
**Predikant:** Griffel van Wyk
☎ 0169324615 / 0823543726
**Adres:** Ogilviestraat 6, SE2
**e-pos:** griffel@gktrinitas.co.za

# JEUGBEDIENING

Beplanning van die eenheid wat behandel word vanaf Sondag 21 Februarie:

**Graad 1 – 3**
EENHEID 2 : MY DADE IS BELANGRIK : *My dade kan wys dat ek God vertrou en ander help*
Les 6 : Jakob en Esau
Les 7 : Isak en die putte
Les 8 : Jakob jok

**Graad 4 – 6**
EENHEID 2 : ABRAHAM GLO GOD : *My keuse bewys my vertroue in God en dat ek Hom wil volg*
Les 6 : Die Here se belofte aan Abraham
Les 7 : God toets Abraham
Les 8 : Isak en Rebekkah

**Graad 7 - 9**
EENHEID 1: CHRISTENSKAP : DIE BASIS : *Feite rakende die ware ons*
Les 6 : Ons reaksie : Dankbaarheid

***Graad 10 (Heidelbergse Kategismus)***
Les 5 - 8 : Verlossing

Let asseblief daarop dat hierdie slegs 'n aanduiding is van wat beplan word en dat daar dalk afgewyk mag word hiervan. Alle jeugleiers gaan so ver moontlik volgens die beplanning werk, maar indien daar ander reëlings is, sal dit aan die jeug in die betrokke grade deurgegee word. U as ouer word versoek om aktief betrokke te wees by u kind se opdragte en die temas kan ook gebruik word tydens gesinsbybelstudie. Die graad 11 jeug het 'n volledig uitgewerkte lesrooster, maar dit word nie geplaas in die nuusbrief nie, aangesien hulle ook mag afwyk. Dit sal wel goed gekommunikeer word op hulle WhatsApp-groepe. Vanaf 2016 word die graad 12 jeug ook deur Griffel gelei op hulle pad na Christelike groei. Aan alle graad 12's: Bly asseblief deel van die groep!! Belangrik om te onthou is dat die graad 7 jeug van 2016 af ook sal deel vorm van die hoërskooljeug en daarom ook in die middae jeugkleingroep sal hê en nie meer Sondagoggende nie. **Neem kennis dat jeug kleingroepe vir Graad 7 – 12 Sondae om 16:30 sal plaasvind**. Dit gee ons jeugleiers genoeg kans om behoorlik deur die lesse te werk en ook nog betyds te wees vir die aanddiens.

**BEGROTE INKOMSTE- EN UITGAWESTAAT**
**VIR DIE FINANSIËLE JAAR 2016 – 2017**

| | 2015 – 2016 WERKLIK | 2015 – 2016 BEGROOT | 2016 - 2017 BEGROOT |
|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | | |
| Bydraes | 1 734 227 | 1 824 000 | 1 812 000 |
| Deurkollektes | 34 426 | 3 600 | 8 000 |
| Rente verdien | 139 837 | 138 000 | 140 004 |
| Ander | 23 056 | 20 760 | 21 600 |
| Dankoffer | | | 215 000 |
| **TOTALE INKOMSTE** | **1 931 546** | **1 986 360** | **2 196 604** |
| **UITGAWES** | | | |
| Totaal Woordverkondiging | 1 342 939 | 1 326 170 | 1 402 212 |
| *Woordverkondigers* | *838 876* | *829 244* | *852 156* |
| *Ramings en Klassisse* | *504 063* | *496 926* | *550 056* |
| Erediens- & Kunstespan | 24 728 | 67 400 | 25 800 |
| Uitreikspan | 13 000 | 12 000 | 13 000 |
| Toekomsspan | 8 713 | 0 | 8 000 |
| Toerusting & opvoeding | 6 876 | 23 400 | 24 500 |
| Administrasie Span | 568 950 | 538 096 | 578 297 |
| Kerkkantoor uitgawes | 61 576 | 55 958 | 65 160 |
| Versorgingspan | 77 940 | 77 940 | 81 600 |
| **TOTALE UITGAWES** | **2 104 722** | **2 100 964** | **2 198 569** |
| **OORSKOT / (TEKORT)** | **-173 176** | **-114 604** | **-1 965** |



Naina, Fafa and Mirado Fitahiana's News
***"Joined to make a difference…"***
***January - February 2016***
Dear Trinitas,
We hope you are doing well as you read this newsletter. We would like to encourage you with the following message which is an extract from Our Daily Bread at the beginning of this year 2016. It has been a great encouragement to many and we believe it will also stir your hearts and spirit. The Scripture comes from Genesis 15:1 – "Do not be afraid, Abram. I am your shield, your very great reward."
"When God sends you into a new situation, or asks you to do something you've never done before, you'll experience uncertainty and fear, and have a lot of questions. God knows that; that's why the promise He gives you is always equal to the project He gives you. Imagine selling your house, packing up your belongings, putting your family in the car and heading down the road without having a clue where you're going. Sound crazy? That's what God asked Abraham to do. But God told him "Do not be afraid… I am your shield, your very great reward." The word 'shield' means God will protect you, and the word 'reward' means He will provide everything you need. Does that mean you won't experience fear? No, it means you must trust Him in spite of your fears! Dr. Bernard Vittone says: "As we age we lose the ability to distinguish between the negative anxiety associated with work stress, and tension, and the positive type that's a natural and exciting part of trying something new. As a result we become more fearful and avoid anxiety-producing situations. When that happens, the desire for safety keeps us stuck in neutral. Trying to avoid risk is like trying to avoid living; without a goal to strive for you stop growing together." If Abraham had refused to obey God because he feared the unknown and untried, he'd have missed his 'very great reward'. So press through your fear today and claim the blessing God has promised you on the other side of it. Don't be afraid; God is with you."
The adventure continues ...
We are doing alright as a family, sometimes Mirado Fitahiana coughs and has colds but that is part of his growth, we guess! As you have read from our last newsletter, Naina has joined King's Kids Madagascar. This YWAM Ministry targets children, youth and family and his main responsibility is equipping some of the staff with the expertise he has had in Children Ministry and going with them ministering to school kids. He takes the 8th and 9th grades of the school every Friday mornings where he leads Bible studies using the Inductive Bible Study Method. Since last year, the King's kids staff have been praying and seeking God's will for the school children this year and God has laid it in their hearts to start a Bible Study Class at the School, so Naina has come at the right time to equip them in this matter. They will finish teaching the Inductive Method this week and will start with the book of Philemon from next week on. The school children have been so receptive to the new Method and are excited to discover more. In connection to Naina's involvement with King's Kids Madagascar and his long term vision to train and equip people in Children, youth and Family ministry, there will be a PCYM (Principles in Child and Youth Ministry) training at YWAM Wiler, Switzerland from 3 April – 24 June 2016. It is organized by King's Kids Wiler. We felt, after much prayers and having asked different people to pray too, that we should go and attend the School. We have applied to the School and have been accepted to attend it. We have also applied for the Visa and are still waiting for their response. The embassy asked us to call

them this coming Friday morning (26 Feb 16) to find out whether we get the visa or not. We have tried to meet all the requirements they have asked for and trust that God's will alone would prevail. Going to study in Switzerland sounds like crazy when we think about the costs as a family, we would never fully grasp how it felt for Abraham when God asked him to leave everything behind and go and that He would be his shield and reward – it must have been difficult and we almost feel the same. At the moment we are trusting God to raise funds. A friend has already blessed us with wooden puzzles to sell as our supports. For our travelling costs, we started to trust God for 4500Euros and currently it has come down to 1800Euros. We do not have any school fees yet and are still trusting Him for 3800Euro as a family. We believe that in due time God will come through as He has always been. We have also been involved in training youth groups as part of our activities and ministries. Naina started a youth group at his home church 15 years ago and it is still going on, and so they have invited us to lead them in their bible studies. They are about 30 young people. Naina taught the Inductive Method and Fafa started with the book of Philemon with them.

**Praise God for**
- His faithful provision towards our trip to Switzerland
- His blessings towards our health

**Please pray for:**
- the issuing of our visas as we are still waiting
- God's provision towards our trips – especially the school fees
- More opportunities to teach the Word of God and equip others

Yours in His service,
Naina, Fafa and Mirado Fitahiana

**Fafa teaching youth Group Naina with King's kids staffs Kid's club at the school**
**Our bank accounts details:**
1. **Paypal:** fafarobdera@gmail.com
2. **Madagascar:** Bank Of Africa (BOA): Mr. Rolland Rakotoniaina; Bank of Africa, Antananarivo, Madagascar; Savings acc # 11784850003; IBAN: MG046; Swift: AFRIMGMG; Address of the bank: II 90 bis Ampandrana, Antananarivo 101, Madagascar
3. **GERMANY**: Kontoinhaber: Mahafaly Robdera Name der Bank: Sparkasse Heidelberg Bankleitzahl: 67250020 Kontonummer: 1001906867 Swift-BIC: SOLADES1HDB IBAN:DE61672500201001906867
4. SOUTH AFRICA - **FNB** - Account holder: AEC Jooste; Account type: Savings; Branch: Lynnwood; Branch Code: 252045; Account Number: 62568876654

**NAGMAAL-AANSOEKE IN TRINITAS**

Ons wil baie graag hê dat Nagmaal die inspirerende en versterkende geleentheid vir elke Christen sal wees waarvoor Jesus Christus dit bedoel het: Om die evangelie prakties te kan sien, weer saam daaroor bly te wees en bemoedig te word om met nuwe toewyding Jesus te volg as sy dissipels! Dit is daarom ook verder logies dat mense wat nie as belydende Christene sy dissipels is nie, nie Nagmaal kan gebruik nie. Ook mense wat hulself Christene noem, maar nie omgee om Jesus te volg nie en steeds hardnekkig in sonde volhard, kan nie aan Nagmaal deelneem nie. Party kerke gee nie werklik oor hierdie dinge om nie en het 'n 'oop' Nagmaal wat beteken dat enige persoon/besoeker Nagmaal kan gebruik. Ons gee wel om hieroor en het nie 'n 'oop' Nagmaal nie. In ons kerkverband (die GKSA) is Nagmaal net 'oop' vir mense van buite ons gemeente wat al hul geloof van gereformeerde aard openlik in 'n kerk bely het én van wie daar getuienis is dat hulle Jesus werklik met hulle lewens volg (KO Art 61). Dit is ons kerkraad se verantwoordelikheid om, sover dit moontlik is, hierdie getuienis na te gaan. Ons wil dit ook met wysheid doen en nie in liefdeloosheid God se kinders wegwys deur slaafs net wette te volg nie.
Die volgende kriteria geld dus tydens toelating tot Nagmaal by Trinitas:

- Lidmate uit ander gemeentes van die GKSA of ander gereformeerde kerke met wie die GKSA formeel bande kan het, kan by die kerkraad aansoek doen om saam Nagmaal te vier. Daar moet getuienis wees van hul lidmaatskap, asook van hulle lewenswandel.
- Lidmate van kerke buite hierdie kringe kan ook met erkende getuienis (oor hul belydenis en lewenswandel) deur die kerkraad toegelaat word.

*Nagmaal is dus nie oop vir enigeen om op die ingewing van die oomblik te kom deelneem nie. Daarom gee ons hieronder die volgende riglyne.*

Indien jy vriende/familie het wat nie lidmate is nie en saam Nagmaal wil vier, vra ons:

1. Dat jy vooraf sy/haar voorneme aan 'n ouderling of die predikant bekend sal maak.
2. Dat jy sal vra dat so iemand een van die volgende *vooraf* sal doen:
   a. 'n brief van getuienis vanaf sy/haar kerk sal laat aanstuur waarin die Nagmaalviering aanbeveel word;
   b. of kontakbesonderhede van sy/haar plaaslike predikant/ouderling sal voorsien;
   c. of ten minste 'n geleentheid sal help reël waartydens die wese van Nagmaal deurgepraat kan word met daardie persoon – saam met ons ouderlinge en/of predikant.
3. Hierdie aansoek moet op die heel laatste *vier dae* voor die betrokke Nagmaal (tipies die voorafgaande Woensdag) aan ons kerkraad bekend wees. Dit sal verseker dat daar genoegsame tyd is om op te volg indien daar verdere inligting oor die getuienis benodig word.
4. Indien die persoon 'n lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk is, kan daar egter steeds met die nodige getuienisbrief die Sondagoggend voor Nagmaal aansoek gedoen word.
5. Die Kerkraad sal dus nie sonder genoegsame getuienis enige Nagmaal-aansoeke aanvaar nie. Ons hoop jy verstaan hoe ons Nagmaal-aansoeke werk, veral hoekom dit so werk en dat jy dit ook só vir jou gaste kan verduidelik. Ons wil regtig graag hê dat Nagmaal nie ongelukkigheid moet veroorsaak nie, maar op 'n verantwoordelike manier, met die grootste moontlike betekenis van groot waarde vir almal sal wees.